



Ligdraer

Gereformeerde Kerk Ontdekkers

23 Februarie 2020

Oggenddiens - 9H30

Aanddiens - 18H00

Hartlik welkom aan elkeen vanoggend by ons ontmoeting met die Here

Ons, as bruidskerk van Christus, verkondig Christus deur die diepgaande kennis van die Skrif en die Belydenisgeskrifte.

Ons nooi almal vriendelik uit om na afloop van die erediens saam met ons'n koppie tee/koffie te geniet.



Bybelstudie:

Maandae: 19H00 - Kerksaal

Dinsdae: 9H00 - Aan huis van Lucia Erasmus

Woensdae: 09h00 - Kerksaal

Donderdae: 9H00 - Kerksaal

Jong volwassenes: Evert & Cherése Kleynhans

Kleuterbediening tydens oggenddiens:

Al ons maatjies (3 - 7 jaar)



Geluk aan almal wat gedurende die maand verjaar het !



Het jy geweet?

Die woord "dissipel" verwys na 'n leerling of volgeling. Die woord "apostel" beteken "een wat uitgestuur is. Die twaalf dissipels het Jesus gevolg, van Hom geleer, en was deur Hom onderrig. Na Sy opstanding en hemelvaart, het Jesus die dissipels uitgestuur om Sy getuies te wees (Mattheus 28:18-20; Handeling 1:8).

Kontakbesonderhede van Ontdekkersgemeente:



011-672-3810



0603423316



info@ontdekkers.org.za

Webblad: www.ontdekkers.org.za



Gereformeerde Kerk Ontdekkers

Sustersaamtrek te GK Noordrand; Saterdag 7 Maart 2020, 8H00 vir 9H00; koste: R 130 /persoon; spreker: Annelie Steenkamp Nel (Tema: Intimiteit met God). Uitnodiging is op die kennisgewingbord in die saal.

Graad 5 – 12 en naskoolse jongmense.

Eerste Rivier NG kerk kampterrein 21 – 26 Maart 2020

R700 per persoon (R350 dep. Betaalbaar voor/op 14 Maart)

Inbetalings: FNB Tjekrek. 62592603312 Verwysing: Jou naam + SKJK '20

Aros het tans die volgende vakante poste:

1. Registrateur
2. Junior lektor - Onderrig van lewensvaardighede in die Grondslagfase Departement / Besoek gerus ons webwerf vir meer inligting.

<https://www.aros.ac.za/WebItem?listId=41>

Wees 'n goeie-nuus-maker. deur Stephan Joubert

Die groot stories van die dag haal altyd die koerante se voorblaaie. Dit lei die nuus op die TV in. Hoofnuus is die belangrikste nuus van die dag. Almal moet hiervan weet. Dit word in “nuusflitse” op sosiale media saamgevat, of, soos wat dit in Engels genoem word: “breaking news.” By God wen ander nuusflitse egter as hier tussen ons. God se hoofnuus is elke slag goeie nuus. Die grootste nuus in sy hemelse woning is wanneer 'n verlore kind tuiskom. Niks maak God se hart blyer as wanneer sy verlore handewerke weer tuis is waar hulle hoort nie. Sy vreugde ken dan geen perke nie. In Lukas 15 vertel Jesus dat daar elke keer 'n hemelse vreugdefees uitbreek as selfs een verlore muntstuk, of een verlore skaap teruggevind word. Dit is die beste hoofnuus ooit by God as drenkelinge gered word uit die storm. Ewe goeie hemelse nuus is wanneer armes kos kry. Of wanneer mense in nood se laste van hulle skouers afgetel word. Of wanneer gelowiges mekaar opbou in hulle geloof. Dan wen die Here se koninkryk veld, die regte soort!

Luister gereeld na die regte hoofnuus, die Here S'n. Nog meer, wees vandag ook deel van daardie klein groepie nuusmakers wat sulke verhale op God se terrein laat wen. Leef die evangelie uit te midde van goor nuus en hooplose aardse hoofnuus. Praat die evangelie. Deel dit, doen dit. Gee brood vir die wat dit brood-nodig het. Bewys liefde aan ander. Dra mekaar se laste. Bid vir diegene in nood. Gee om. Gee jouself. Laat die koninkryk van God gebeur.

Baie dankie vir julle ruim bydrae tot hierdie fonds. Aangeheg is 'n skrywe wat ons van Hannes Vorster ontvang het.

TERUGVOERING IVM DROOGTEHULP IN DIE NOORD-KAAP, NAMIBIË

Sedert die oproep om hulp vir die noodlydendes in die droogtegeteisterde Noord-Kaap en omstreke asook Namibië op 31 Oktober 2019 in die kerkverband uitgestuur

is, vloeï hulp vanaf lidmate, diakonieë en susters in. Daarvoor kan ons net ons Hemelse Vader dank. Die dankbaarheid word die beste verwoord in die volgende brief deur Dr. Petrus Venter van GK Postmasburg - een van die gemeentes in die droogte omgewing:

“Geagte voorsitter en lede van die SDDS

In aansluiting by ons skrywe van 28 Oktober 2019 en ook op versoek van ds. Potgieter gee ek graag terugvoer oor huidige droogtenood wat eintlik vir heelwat boere in ons gemeente iets van 'n ramptoestand verteenwoordig. Baie oë is nou op Februarie-maand gerig want dit is menslik gesproke die laaste van die seisoen wat ons noemenswaardig reën kan verwag.

Die bedrae geld en hulp wat van julle kant van SDDS gekom het, is sekerlik die grootste mate van hulp wat hierdie gemeente in sy hele geskiedenis van kan getuig waar dit die oudste gemeente in Griekwaland-Wes is, reeds vanaf 1883. Ons diakonie het regtig in elke opsig gepoog die fondse reg aan te wend, elke keer soos ooreengekom. Alleen sou die diakens in geen opsig aan die onmiddellike nood kon voorsien nie. Daar is nog so 'n gedeelte van julle hulpfondse in die diakens se rekening beskikbaar, wat ons maar deurlopend aanwend dat wanneer vervoer en diesel betaal moet word (ook is daar baie kruideniers uitgedeel) en waar vragte voer kon inkom, betaal ons sover moontlik uit hierdie fondse.

Met beklemming stel ek maar net nog weer die feite dat ons boere suid van Postmasburg (Griekwastad, Niekerkshoop-omgewing- tot in Olifantshoek se grense) se droogtenood het sedert u laaste besoek alhier en dit wat u toe kon waarneem, nie verbeter nie. Na maande van intense warmte, sommige dae oor die 40 grade Celsius, sal meer as 90% van boere in daardie gebiede bevestig dat hulle nog nie met al die klein buitjies bymekaargetel, werklik eers 20mm reën gehad het nie. Dan is daar heelwat wat nog minder gehad het! Noord en oos van Postmasburg was daar dele wat mooi reën gehad het, maar die werklike Kalahari-dele dors na water in elke opsig. Dis gebiede waar boere vir baie jare kon oorleef maar die mense in daardie omstandighede is in hulle nou se nood in groot moeilikheid. Baie diere en wild het gevrek wat eenvoudig nie die hitte en die honger kon oorleef nie, al was daar baie hard gewerk om dit wat gevoer kan word tot oorlewing daar te stel.

Van die groter boere (meestal skaapboere) is nou daarop gefokus om eintlik die kleinvee wat oorgebly het, af te rond tot bemarking en dan moet dit verkoop word. Hoe daar eendag weer aanteel en kuddes opgebou kan word om volhoubaar te bly boer is 'n gesprek wat nie nou gevoer kan word nie. In die gebiede die ergste deur die droogtes geraak is daar na my waarneming amper geen grootvee (beeste) meer merkbaar nie. Ek aanvaar die boere het hulle maar moes skuif waar hulle op ander plekke nou weer met 'n prys van sy eie gronde moet huur om aan te gaan. Genadiglik word hulle ook in die opsig bygestaan, maar dit kos weer baie geld.

Kortom is dit ons huidige stand. Ek sou so graag 'n ander boodskap rondom fonteine wat loop en baie water wat in panne staan wou deurgee, maar vir jare ken ons dit nie.

Weereens kan ek die dankbaarheid en die samewerking in die tyd van hulpverskaffing in die tyd net beklemtoon en word sulke dankbaarheid op 'n wyse uitgespreek wat ek in my bediening van 27 jaar elders nog nie teëgekomp het nie.

Indien jy nog 'n bydrae wil maak kan dit in die volgende rekening inbetaal word:

Rekeningnaam: SDDS / Bank: ABSA / Rekeningnommer: 3330141750 / Tak-
kode: 632005 / Verwysing: Droogtehelp

GLOmedia.tv.

“ Broers & Susters, God skenk vir ons elkeen gawes wat ons moet gebruik tot voordeel van almal (1 Korintiërs 12:7).

Deur die digitale media platform, **GLOmedia.tv**, gee die kerk vir predikante en ander gelowiges wat gawes het om hulle mede-gelowiges geestelik op te bou, te bemoedig en te vertroos, 'n geleentheid om meer mense te bereik en die gelowiges wat hulle reeds bereik meer gereeld te bereik (1 Korintiërs 14:3).

Ek wil u hartlik uitnooi om na die tyd 'n pamflet by die deur te neem en te kyk hoe die programme op die platform u geestelik kan versterk.

Daar is byvoorbeeld –

- besprekingsreeks, waarin 'n paneel van deskundiges vanuit ons kerke aangeleenthede wat u direk raak in diepte bespreek;
- inspirerende stories van hoop en geloof vanuit ons gelede;
- gelowige “TED talks”, die sogenoemde Bybelse Intellektuele Toepassing gesprekke - of te wel BIT-gesprekke;
- Bybelskool programme;
- kleuter - en jong kinder vermaak;
- “Wat as” reeks, waarin professionele beraders direk met jongmense praat oor dinge wat hulle beleef;
- dagstukkies;
- lofsang; en
- vele meer.

U het by elke episode geleentheid om vrae deur te stuur na die aanbieders. Die vrae sal dan in 'n opvolg episode hanteer word.

Die platform is maklik bereikbaar op die internet by www.glomedia.tv wat u in staat stel om op u eie tyd en soos dit u pas na programme te kyk - selfs oor en oor soos veral kleiner kinders dit ook doen.

LIEF EN LEED

Dink asseblief in julle gebede aan Isabel Erasmus wat siek is asook aan Koos Richards wat vir toetse gegaan het en vir die uitslae wag.